191. T. 5 (91)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EX UNITATE VIRES

Verw./Ref. No. ....................

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag X298
PRETORIA

(opsomming.)

# WAT WIL ONS MET GELOFTEDAG?

GELOFTEDAG, STELLENBOSCH, 16 DESEMBER 1972.

(Deur Prof. H. B. Thom).

Inleiding: 'n Baie aktuele vraag; dit het nodig geword dat ons vandag met oop oë en 'n oop gemoed daarop let.

## I. Hoe bring ons vandag Geloftedag deur?

Die belangstelling in Geloftedag is vandag onder Suid-Afrikaners, en met name ook Afrikaners, baie uiteenlopend. By sommige is daar ernstige belangstelling en hulle sien Geloftedag as 'n besondere dag in ons volkslewe, maar ander toon geen belangstelling in die dag as sodanig nie en beskou dit maar net as nog 'n gerieflike en welkom vakansiedag. x Eng.-sprekendes. En tussen hierdie twee uiterstes lê dan weer verskillende grade van belangstelling.

Ooreenkomstig die mate van belangstelling word Geloftedag deur verskillende mense op verskillende maniere deurgebring. Aan die een uiterste het ons die viering wat nog op enkele plekke voorkom, t.w. waar x Groot geesdrif. mense vir 'n dag, of selfs 'n paar dae, in die buitelug kampeer en dan, benewens godsdiensoefeninge, ook aan ander verrigtinge deelneem wat na hulle mening by Geloftedag tuishoort. Aan die ander uiterste vind ons die mense wat die dag eenvoudig langs die see gaan deurbring, of die een of ander vorm van sport verkies. En tussen hierdie twee uiterstes is daar dan weer die verskillende vorme met meer of minder ernstige inslag.

Dit is die feite vandag voor ons: In verband met ons mooi historiese erfenis van Geloftedag is daar geen vaste patroon of uniforme opvatting nie, en is daar selfs 'n groot mate van verwarring. Dit het dus tyd geword dat ons die vraag stel: Wat wil ons met Geloftedag?

2/.....

II. Die Gelofte self.

Ons gaan nie op die besonderhede van die ontstaan en inhoud van die Gelofte in nie, maar gee net 'n paar hooftrekke.

Dit was Andries Pretorius en sy Wenkommando wat vir ons die Gelofte gegee het. Op Sondag, 9 Desember 1838, was die Wenkommando reeds diep in Zoeloeland ingedring. Hulle het geweet dat die uur van beslissing vir hulle nie meer ver was nie. Sarel Cilliers het voorgegaan:

„Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en eer van oorwinning aan Hom te gee".

Vier punte spreek baie duidelik uit die Gelofte:

die oorwinningsdag sal 'n dankdag wees, wat soos 'n Sabbat deurgebring sal word;

'n huis sal tot eer van die Here opgerig word;

ook kinders en kindskinders sal die oorwinningsdag gedenk; en

die naam van die Here sal verheerlik word.

Die Gelofte was, gesien die omstandighede waaronder dit afgelê is, 'n desperate noodkreet van 'n geslag van pionier-Afrikaners, maar terselfdertyd 'n getuienis van onvervalste godsvrug en godsvertroue.

Ons merk ook op dat die Gelofte suiwer en eg Afrikaans van karakter is: dit getuig van die nood van ons eie mense; dit het ontstaan onder ons eie mense; dit het ontstaan op ons eie bodem. Dit is nie vanuit die buiteland ingevoer

3/.....

of geïnspireer nie; nóg regstreeks nóg onregstreeks het die buiteland iets daarmee te doen gehad. Dis 'n deur-en-deur Suid-Afrikaanse gebeure.

III. Die toekoms : Wat wil ons?

Is ons as nageslag ook deur die Gelofte gebind? - Diegene wat nie veel vir Geloftedag omgee nie, konsentreer gewoonlik op hierdie punt.

Kan ouers hulle kinders en kindskinders regtens met 'n gelofte bind? Ons moet erken dat dit nie kan gebeur nie.

Maar as kinders soos hulle ouers voel, as hulle dieselfde verhewe ideale het, sal hulle uit eie beweging en vanselfsprekend die behoefte voel om ook die gelofte na te kom. Dit gaan dus nie soseer daarom of die nageslagte wel „gebind" is nie, maar veel meer daarom of die nageslagte vanweë 'n diepe verbondenheid met hulle land en hulle voorgeslag, vir hulleself die plig aanvaar het.

Dit is heeltemal duidelik dat ons Geloftedag nie kan negeer nie; ons kan nie maak of dit nie bestaan nie, daarvoor lê dit te na aan ons en is dit te seer deel van ons. Dit het op so 'n verhewe wyse ontstaan, dit is so 'n aangrypende noodkreet uit ons verlede, dit is so eg Afrikaans, dat ons, as ons nog Afrikaners is, dit nie kan verwerp nie.

So lank daar nog ras-egte Afrikaners in Suid-Afrika is, sal Geloftedag herdenk word; as daar nie meer sulke Afrikaners is nie, sal dit nie meer herdenk word nie.

Dit is al gesê dat die belangstelling wat 'n volk vir sy nasionale dae toon, 'n barometer van sy nasionale bewussyn is. Dis in hoë mate waar; en dis met name ook van die Afrikaner waar. Daarom het ons rede om te sê dat die Afrikaner, in geestelike

4/.....

sin, nooit sal kan bekostig om Geloftedag te negeer nie.

Maar dit is eweseer belangrik dat hy sal toesien dat dit suiwer gehou en op die regte wyse gevier word.

Die Gelofte self lui dat die dag gevier sal word as 'n dankdag, soos 'n Sabbat, tot eer van die Here. Dus: seer seker nie net vir pret en plesier nie, en seer seker ook nie vir sport nie. - Dit is nie in die gees van die Gelofte nie. Aan die ander kant: dis nie 'n Sabbat nie, en ons kan ook nie 'n Sabbat „maak" nie, maar die Gelofte sê: „soos 'n Sabbat", d.w.s. in die gees van 'n Sabbat, en met gepaste godsdiensoefening

Daar is al dikwels beweer dat partypolitieke toesprake op Geloftedag gelewer word, en ook dat teveel en te lang toesprake afgesteek word. In hoeverre sulke kritiek werklik geregverdig is, is moeilik om te sê, maar inmiddels moet ons toegee dat 'n waarskuwende woord nie onvanpas is nie, want partypolitieke propaganda en reekse toesprake is nie met die dieper karakter van Geloftedag te rym nie.

Terselfdertyd is dit heeltemal gepas, en ook baie gewens, dat, naas die godsdiens, ook ander groot kultuurwaardes van die Afrikaner op dié dag ter sprake kom en dat dit vir hom ingeskerp word. Dat onderlegde sprekers op Geloftedag hierop sal ingaan en leiding sal aangee, is noodsaaklik; as dit nie gebeur nie, sal dit vir die Afrikaner 'n verlies wees.

'n Toespraak is, as sodanig, nie uit die bose nie - en dit kan selfs verdienstelik wees! Dit kom daarop aan wat die inhoud daarvan is, en wat die aard van die geleentheid is. Wat ons wel teen moet waak, is die soort van ~~byeenkoms~~ Toespraak wat 'n onheilige kruis tussen 'n opwekkings~~diens~~rede en 'n politieke ~~vergadering kan~~ oproep word, maar ek haas my om by te voeg dat ek nie glo dat ons in noemenswaardige mate met hierdie soort verskynsel op ons Geloftedae te kampe kry nie.

Ons moet weet wat ons met Geloftedag wil doen, maar ons moet ook weet wat nie mag gebeur nie.

IV. Slot.

Laat ons vir onsself dan vandag, te midde van die uiteenlopende beskouinge en gebruike, rekenskap gee van die aard en betekenis van Geloftedag. Laat ons maar weer let op die plegtige bewoording van die Gelofte soos ons dit gehoor het: 'n dankdag, soos 'n Sabbat, tot eer van die Here, en dan sal daar by ons geen twyfel meer wees nie.

As Geloftedag op hierdie peil geplaas en gehou word, sal dit 'n waardige plek in ons volkslewe inneem. Dan sal hierdie dag vir ons nasionale bewussyn en ons Godsvertroue 'n ware bron van krag wees.

Mag veral ons jongmense hierop let, hulle wat vorentoe die groot verantwoordelikhede van ons land en sy mense sal moet dra. Ons reken op hulle om dit wat skoon en edel in ons volkslewe is, suiwer te bewaar. Mag hulle ons dan ook help om die kosbare potensiaal van Geloftedag vir ons volk ten volle te verwesenlik.